

OKTOBER 2017

Nuusbrief 20

Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane



BELANGRIKE DATUMS

27—29 Oktober
Uitnaweek

2 November
HKV- afskeid

10—12 November
Uitnaweek

6 Desember
Skool sluit



Hiermee ons vierde en laaste Nuusbrief van 2017. Baie dankie aan ons ouers vir u getroue ondersteuning gedurende hierdie jaar.

LEERDESAKE

Die nuwe HK vir 2018 is verkies. Hartlik geluk aan hierdie groep leerders en hul ouers. Die volgende leerders is as hoofleiers verkies:

- Hoofseun : Tiaan Visser
Onderhoofseun : Franco Boonzaier
Addisionele lid : Dean Nieuwoudt
Hoofdogter : Lara Horne
Onderhoofdogter : Janke Siebrits
Addisionele lid : Carina Nel

Die nuwe hoofleiers se missie vir 2018 is om ons koshuise 'n ware tuiste vir elkeen te maak. Hul gaan in die besonder poog om sterk bande onder elke jaargroep te smee en sodoende samehorigheid te skep. Ons het volle vertroue in julle en wens julle baie sterkte toe.

MATRIEK-EINDEKSAMEN:

Baie sterkte aan ons matrieks wat reeds skryf. Ons poog om vir die matrieks wat gedurende die eksamen in die koshuis tuisgaan, die beste moontlike leeromgewing te skep. Dit is dus vir ons uiters belangrik dat hulle ook hulself sal onderwerp aan die koshuisreëls gedurende dié tydperk. Ons vra ouers om hulle te ondersteun en bedag te maak dat hulle onder ons toesig en reëls is.

DISSIPLINE

Die dissipline in die koshuise is tans goed.

Daar is ongelukkig steeds leerders wat te lank stort. Ons versoek u om 'n groter bewusbemaking by u kind te skep rondom waterbesparing. In hierdie moeilike tye is dit beslis elkeen van ons se verantwoordelikheid.

FINANSIES

Die koshuise se finansies lyk goed en alle afdelings is binne begroting vir die jaar tot op datum. Dit slegs moontlik deur deeglike kontrole en bestuur van alle afdelings. Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband.

Koshuisfooie sal in 2018 met slegs 7.9% styg.

INFRASTRUKTUUR/PROJEKTE:

Die meeste van die jaar se projekte is reeds suksesvol afgehandel.



Huis Kalahari Visser:

Agterkant van koshuis is geverf

Bepaalde projekte voor einde 2017:

Vervanging van gordyne aan seunskant

Aanbring van pallesades aan agterkant van koshuis



Huis McFarlane:

Agterkant van koshuis is geverf.

Vensterrame van twee vloere aan agterkant van seunskant is vervang met aluminiumrame.



HUISHOUDING:

Die stelsel met die boeke vir versoeke en kommentaar oor die kos werk goed. Baie dankie aan die leerders wat op so 'n gereelde basis positiewe kommentaar plaas en dankbaarheid betoon teenoor die personeel.

PERSONEEL

Ons is opreg dankbaar teenoor ons personeel vir hul harde werk die afgelope jaar. Die Superintendente en diensdoenende personeel verrig 'n groot taak in die handhawing van orde in ons koshuise. Ons waardeer elkeen se toewyding en voorbeeld.

KOMMUNIKASIE/BEMARKING:

Die saamtrek op 5 Oktober 2017 te Windhoek was baie gesellig en voorwaar 'n reuse sukses. Heelwat nuwe inskrywings is uit Namibië ontvang. Hartlike dank aan mnr. André Compion en sy dogter, Andrea, vir al die reëlins en die vervoer wat hy verskaf het.

Vriendelike groete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF



"Secret Santa"



"Touchies"

